Acta Theologica Supplementum 3 2002

# DIE BELYDENIS VAN DIE KERK

J. Buitendag[1]

## ABSTRACT

## THE DOCTRINE OF THE CHURCH

The article contends that the doctrine of the church should rather be seen as telling something about the church than about the Bible. Different doctrines are thus the result and not the source of theology. And because a creed is functioning like a language, it constitutes and profiles a church's self-understanding. The presupposition of all this is that God has revealed Himself in Jesus Christ. Scripture is therefore primarily not revelation as such, but testimony of the revelation in Christ. The article ends with the three major Afrikaans-speaking reformed churches' official declarations on their views regarding the relationship between Scripture and doctrine. The author concludes that a slight trace of what George Lindbeck calls "propositionalism" is present in these respective views. The article is dedicated to Prof. P. C. Potgieter, a much-honoured colleague among systematic theologians and church leaders here and abroad. Dogmatics has always been for him church dogmatics, and thus the relevance of doctrine.

## 1. INLEIDING

Dit was aanvanklik by die destydse SAUK waar my en prof. P. C. Potgieter se onderskeie weë bymekaar uitgekom het. Hy was benewens in die Raad, ook lid van die Kerklike Advieskomitee van die SAUK en skrywer hiervan weer redakteur van die godsdiensdepartement. Maar dit sou eers by die *Tussenkerklike Kommissie* (TKK) wees waar ons werklike teologiese interaksie gehad het. Vir meer as 'n dekade lank het ons albei (met onderbrekings) as verteenwoordigende dogmatici van twee susterkerke daar saamgewerk. Daarom ag ek dit gepas om met sy emeritaat 'n artikel oor die *belydenis* en *kerk* aan hom op te dra. Nie alleen is dit veral die gemeenskaplike belydenisse wat die susterkerke aan mekaar bind nie, maar ook is die status daarvan 'n deurlopende tema in die TKK. Pieter Potgieter was sy loopbaan deur *kerklike* dogmatikus en aldus eer ek hom ook in hierdie bydrae. Die amptelike memorandum van die N.G. Kerk oor hierdie saak wat by die TKK gedien het (sien punt 6.1), was ook merendeels sy handewerk.

1 Prof. Johan Buitendag, Departement Dogmatiek en Christelike Etiek, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.

Die argument wat in hierdie artikel beredeneer word, is dat die belydenis[2] *eo ipso* eerder iets sê oor die betrokke geloofsgemeenskap self as oor die Bybel. Die belydenis, met ander woorde, is nie soseer 'n bron vir die teologie nie, maar wel die vrug daarvan; nie Woord nie, maar antwoord. En omdat 'n belydenis soos taal funksioneer, vorm en voed dit die betrokkenes se selfverstaan voortdurend. Ten grondslag hiervan is dan die tetiese aanname dat God Homself in Jesus openbaar en dat die Skrif as primêre teks daarvan getuig. Die artikel sluit af met 'n jukstaposisie van die drie susterkerke se memoranda oor die onderhawige tema by die TKK en gesien teen die beredenering van die artikel, word die gevolgtrekking gemaak dat alhoewel bogenoemde tese nie deur die onderskeie kerke se verstaan van die verhouding Skrif en belydenis weerspreek word nie, die verhouding van belydenis en kerk nietemin plek-plek ongenuanseerd is.

'n Belydenis moet nooit klinies en eksak verstaan probeer word nie, maar altyd in terme van 'n subjektiewe wisselwerking tussen hede en verlede (o.a. Koekemoer 1997:1329). Anders gesê, enersyds profileer die belydenis die betrokkenes se geloof en andersyds konstitueer dit 'n geloofsgemeenskap. 'n Belydenis ontstaan vanuit 'n bepaalde geloofsgemeenskap wanneer laasgenoemde poog om sin te maak van en vorm te gee aan haar ervaring en verstaan van God in Christus. McGrath (1990) sluit hierby aan in sy boek oor die ontstaan en verstaan van belydenis wanneer hy die saak diakronies benader en kategories stel dat die belydenis die ontwikkeling is van die interpretatiewe gewete van die geloofsgemeenskap. Lindbeck (1984) aan die ander kant, het baie meer oog vir 'n sinkroniese verstaan van die belydenis en maak ook 'n saak daarvoor uit dat die belydenis nie soseer die gevolg van 'n geloofsgemeenskap is nie, maar veral die aanleiding daartoe. Dit is dus 'n intrasistemiese oftewel binne-kerklike aktiwiteit. Albei hierdie perspektiewe, die subjektiewe én die objektiewe genitief in die titel, is dus belangrik.

2 Onder *belydenis* verstaan ek iets soos 'n oorkoepelende kerklike akkoord oor fundamentele religieuse sake binne 'n bepaalde verstaanshorison wat wel in bepaalde dogmas (ongebonde aan tyd en plek) kan stol (maar nie hoef nie). *Belydenisskrifte* verskil van die ekumeniese *simbole* veral daarin dat dit baie meer partikulier is en natuurlik aansienlik jonger is. Vir die doeleindes van hierdie artikel is die oorvleueling van die onderskeie semantiese velde die subjek van die argument.

# 2. GELOOF LEI NA BEGRIP (*FIDES QUAERENS INTELLECTUM*)

Macquarrie (1998:91) tref 'n belangrike onderskeid tussen geloof as oortuiging ("belief") en geloof as vertroue ("faith"). Eersgenoemde sou uitsprake behels en laasgenoemde is uiteraard persoonlik op te neem. 'n Opvallende kombinasie hiervan vind ons in Paulus se bekende uitspraak in Romeine 10:9-10: As jy met jou mond *bely* (ὁμολογεῖν) .... en met jou hart *glo* (πιστεύειν). Dit is vir die teologie deur veral Bonhoeffer duidelik uitgespel met sy eksistensiële verstaan van Jesus as *pro me*. Daar word in die geloof nie soseer oor God gepraat nie as met God, in die tweede persoon enkelvoud dus. Hierdie groeiproses is byvoorbeeld duidelik in die gang van Psalm 23 raak te sien. In die begin word vier keer oor God in die derde persoon gepraat ("Hy") en na die "donker dieptes" van die digter (vers 4), word weer vier keer *met* God in die eerste persoon gepraat ("U"). Die vér God word nou die naby God. Die vraag van die *pro me* is dus altyd wie Jesus vir ons hier en nou is (Bonhoeffer 1982:22). Martin Buber (1996:63) sê dit besonder raak wanneer hy in sy klassieke werk, *Ich und Du*, die Duitse woorde *Gegenstand* en *Gegenwart* ("voorwerp" en "voorhande") met mekaar kontrasteer: "Only as the You becomes present does presence come into being". Heidegger (1992:17) formuleer dit veral ook treffend:

> If the attempt is made to derive from the time of nature what time is, then the νῦν is the μέτρον of past and future. Then time is already interpreted as present, past is interpreted as no-longer-present, future as indeterminate not-yet-present: past is irretrievable, future indeterminate.

Die kronologiese volgorde van die sinnetjie, "Hy wat is, wat was en wat kom" wat drie keer in die Openbaringboek (1:4, 1:8 en 4:8) herhaal word, word dan in die lig hiervan soveel te meer merkwaardig. Vanuit die hede word daar na die verlede en na die toekoms gekyk. Hierdie fokus op die hede het reeds van die Mediterreense mens oor die algemeen gegeld (Malina *et al*. 1995:Logos Library System). Daarom is dit moontlik om ook te sê dat omdat Jesus die hede verander en die toekoms vorm, sy geskiedenis vir ons vandag belangrik is.

In die baie lesenswaardige boek, *Revelation and story* (Sauter & Barton 2000), wat onlangs as die resultaat van 'n vyf jaar lange gemeenskaplike navorsingsprojek van die universiteite van Oxford en Bonn gepubliseer is, word die primaat van die teenwoordige tyd ook deurgaans beklemtoon. Die soeke na die historiese Jesus begin immers met persoonlike ervaring en oortuiging. Daarom moet daar uiters omsigtig én dinamies met begrippe soos

Skrif en openbaring omgegaan word. Skrifgetrouheid is nie dieselfde as Skrifbeginsels nie. Die reliëf van die Skrif moet vanuit die appelerende woord van die lewende God gesoek word. Die *primum principium* is dus God wat met ons in ontmoeting tree. Openbaring word dan gereserveer vir God se Selfoorgawe aan die kruis en dus Jesus Christus as die menslike gesig van God (Johannes 14:9). Barth was daarom waarskynlik net met die eerste van sy drie manifestasies van die openbaring korrek, t.w. die mensgeworde Woord (Sauter & Barton 2000:146-152).

God praat dus op finale wyse deur Jesus Christus. Heinrich Ott het sy ganse Christologie op hierdie enkele sin gebou: "Jesus is die spreker van die taal van God in die geskiedenis". Jesus is die *Persoon* wat die gelowige en die kerk deur die Bybel ontmoet. Belydenis is altyd antwoord op die self-openbaring van God in Jesus Christus. Dit wil sê, antwoord op die eksistensiële ontmoeting met die Woord van God (Filippense 2:11; l Korintiërs 12:13). Hierdie dialektiek impliseer dan dat daar ook nie openbaring is sonder menslike reaksie nie. Luther het ons al geleer dat die kontrapunt van kennis van God nie openbaring is nie, maar *geloof* (Fretheim & Froelich 1998:29).

Potgieter (1988:92-93) stel dan ook dat wie *sola scriptura* sê, noodwendig ook moet byvoeg, *solus Christus*. Alles geskied binne die kader van die geloofsperspektief met die gevolg dat daar gesê kan word dat Jesus Christus die klaarheid van die Skrif is; die klaarheid van die Skrif is die toeganklikheid van die *Deus revelatus* in en deur die Skrifteks self.

## 3. DIE BELYDENIS GENEREER KERK

> Das Bekenntnis der Kirche ist nicht eine Summe von Lehrsätzen, sondern der Ursprungs-Akt ihres Daseins (Gloege 1957:994).

Die mens in sy sonde word deur die evangelie aangespreek ten einde daardie ervaring te transformeer in terme van Christus. Schleiermacher het reeds gesê dat Christelike belydenisse persoonlike weergawes van godsdienstige ervaring is wat in woorde omgesit word. Ervaring is boonop nooit suiwer nie, maar altyd subjektief gelade. Elkeen neem deur 'n bepaalde bril waar. 'n Klassieke voorbeeld hiervan sou wees die verskillende wyses waarop Luther en Zwingli met Augustinus omgegaan het. Eersgenoemde fundeer sy "geregverdig deur geloof" hoofsaaklik op Augustinus se teologie en laasgenoemde sien dit nie eers daar raak nie, maar put vir sy teologie eerder uit Augustinus se verstaan van die reële teenwoordigheid van Christus by die nagmaal!

Woorde skiet egter tekort om die Godsontmoeting te beskryf. Ons glo in die lewende God wat Homself in die geskiedenis openbaar. Dit beteken o.a. ons glo in *Iemand*, nie in iets nie. Nooit mag ons die geloof verskraal tot die vashou aan bloot goed geformuleerde uitsprake of proposisies nie. Die lewende God is aan die woord! Belydenis is dan die oorsê of nasê of vertaling van wat gemeen gehoor is. Dit beteken egter nie dat die kerk nou die "ewige waarheid" kan, of moet probeer, vaslê nie. Dan word geloof filosofie! Belydenis is dialoog, dit is lofprysing, dit is die "liriek van liefde" (Van Ruler 1973:90). Belydenis is dus 'n *uiting* van geloof, en nie die geloof op sigself nie. Omdat ervaring nooit suiwer is nie, maar 'n mengsel van bewustelike én onbewustelike gee en ontvang, maak dat hierdie onderneming altyd kontingent is.

In die antieke tye is taal nie gesien as 'n wyse van betekenisoordrag nie, maar as 'n kreatiewe krag. 'n Uiting se waarde lê dus in dit wat dit vermag en nie in dit wat gesê word nie. In Romeine 10:10 lei ons dan af dat die belydenis dat Jesus "die Here is" en dat God Hom "uit die dood opgewek het" *verlossende krag* het (Pelser 1999:422). Deur die geloof word die individu nou binne 'n nuwe werklikheidsverstaan geplaas. Die Jesus-gebeure word dus geïnterpreteer as die *verhaal* wat alle Christelike eksistensie begrond (Van Aarde 2001:149). So wil die belydenis altyd *instrumenteel* wees om Jesus te verkondig. "Jesus is die Here" word dan die swaartepunt van alle ander verhale. Jesus is nie maar net nog 'n rolspeler in die evangelies nie, Hy is die evangelie self. "Geen sin in die Nuwe Testament is sonder die geloof in die absoluutheid van Christus neergeskryf nie" (Berkhof 1981:75). So kom 'n gekonsipieerde koherente *Gestalt* (H.U. von Belthasar) van die Skrif dan tot stand. Martin Luther het die Bybel gelees met die voorveronderstelling, *was Christum treibet*. Van Aarde (2001:155) identifiseer dit ook tereg met die Jesus-saak en koppel dit aan Willi Marxen se verstaan van die *kanon agter*[3] *die kanon*. 'n Beginsel wat Luther uit die Skrif self aflei en nie van buite daarop afdruk nie. Hy sien die Skrif as die *bedding* waarin Christus gevind word. (Die Ou-Testamentikus, Terence Fretheim [1998:108], waarsku egter teen die Christologiese lees van die Ou Testament en vra vir 'n meer teosentriese verskuiwing hiervan.) Maar nietemin, so kom 'n wisselwerking tussen narratief en interpretasie tot stand. In die negentiende en twintigste artikels van sy Heidelbergse stellings interpreteer Luther (Jaroslav 1999:*Li-*

3 Alhoewel die saak van "kanon agter die kanon" in hierdie sin korrek is, is dit beter om van die kanon voor die kanon te praat, want om "agter" die Bybel in te kom, is 'n saak van onmoontlikheid; die betekenis lê voor die teks (Sauter & Barton 2000:4, 9, 31, 85, 160). Van Aarde (1999:457) wys ook tereg dat die Jesus-saak nie met die historiese Jesus verwar moet word nie.

*bronix Digital Library System*) die verhaal van Eksodus 33:17-23 dan ook Christologies:

> The man who deserves to be called a theologian is not the one who seeks to understand the invisible things of God through the things that are made (Rom. 1:22) but the one who understands that the visible things and the hind parts of God are seen through suffering and the cross (Weimar, I, 361-362).

Die aangesprokene deur God moet die woorde en dade van God in die geskiedenis verkondig. Die belydenis kan dus nooit die inhoud of die materiële bron van die prediking vorm nie; slegs die Bybel kan dit wees. Die prediking is ook meer as leerrede — dis profesie. Omdat Paulus die belydenis ook in diens van die verkondiging geplaas het, het hy nie gehuiwer om daaraan te verander of dit self teologies aan te pas nie (Pelser 1997:1235). Maar enige taal het reëls. Die belydenis is nou die "grammatika" van die taal van die verkondiging (Lindbeck 1984:80) en nooit die "reël van geloof" (*regula fidei*) self nie. In 'n organiese verstaan van kerkwees kan dit nie gebeur nie. Dit is duidelik dat die *prediking* die koppelvlak tussen Skrif en belydenis is — *akklamasie* wat lei na *proklamasie*, "confessing" na "professing" (Romeine 10:9). Die Skrif is dus die bron van die prediking en die belydenis die grammatika — *spreekreël* — daarvan.

Dit impliseer minstens drie dinge in terme van die verhouding Skrif en belydenis (Van Ruler 1973:94-95). Daar is 'n *kwantitatiewe* gaping. Dit beteken, soos reeds gesê, dat die grense van belydenis en Skrif nooit saamval nie. Die Skrif is altyd wyer en dieper en voller. Die belydenis is uit die Skrif geput, maar daarmee is die Skrif nie uitgeput nie! Die Bybelwetenskappe leer ons om die Skrif se kontoere en inhoude te ontgin. Dan is daar ook die *funksionele* gaping. Dit beteken dat Skrif en belydenis se funksies nie dieselfde is nie. Deur die Bybel hoor ons die stem van die lewende God; dit is al klaar boodskap. Die belydenis is die gewaad waarin hierdie boodskap verkondig word. Die dogma is 'n dwarssnit — soos 'n foto — van die dinamiek van die Godsgebeure. Laastens herken ons 'n *prinsipiële* gaping hiertussen. Die belydenis en die Skrif funksioneer in die kerk met die oog op die prediking en nie regstreeks op mekaar nie. Die belydenis verloor sy aard en bedoeling as dit direk as bron van die dogma aangewend word.

Alhoewel die belydenis na kerk voer, kan die kerk ook nooit opgaan in die belydenis nie. Kerkwees is altyd meer as belydenis, net soos wat die gelowiges meer is as die belydendes. God doen meer as wat die kerk weet en bely. Dit beteken nou ook nie dat die belydenis 'n willekeurige element van die kerk is nie! Die belydenis het 'n beslissende rol in die kerk te speel. Dit moet lei tot die *regte* prediking, die *regte* lewe, die *regte* werke; dus nie pri-

mêr teorie nie, maar praktyk (deskriptiewe praktyk, sal Lindbeck [1996: 225] byvoeg).

Ook van die belydenis geld dat die letter dood maak, en die Gees lewend (2 Korintiërs 3:6). Wanneer dit stol in tydloosheid as bron en norm van waarheid, wanneer dit die inhoud van die verkondiging word, dan is die kerk skuldig teen die Tweede Gebod. Dan *vereer* mens die beeld van die kerk wat self geskep is. Tog kan volstaan word om te sê dat die oorgang van Skrif na belydenis, die van 'n narratiewe na 'n (interpretatiewe) konseptuele raamwerk is. Dit lei dan na die gevolgtrekking van McGrath (1990:2, 129) dat die belydenis nie in die eerste plek fokus op die insigte van Jesus nie, maar op die geloofsgemeenskap rondom Hom. Aanvaarding van die geloofsgemeenskap berus dus op die aanvaarding van die groep se sosiale definisie en waardes (McGrath 1990:51-52). Deist (1994:63) het dit daarom reg as hy sê dat die belydenisskrifte as verstaans*tradisie* gesien moet word en nie as verstaan*kanon* nie.

## 4. DIE BELYDENIS DEFINIEER DIE KERK

Enige (godsdienstige) groep wil sy eie aard gedefinieer hê. Dit kan geskied deur te omskryf dit wat binne die daargestelde grense lê (bv. die *sola fide* van Luther) of dit wat daarbuite lê (bv. die *anatemas* van Trente). M.a.w. of jy sê hoe jy is, of jy sê hoe jy níe is nie.

Die wese van die kerk[4] kan alleen vanuit Christus bedink word. Die *mistieke* liggaam van Christus het altyd ook die konkrete element van die versameling van gelowiges as die sigbare uitdrukking daarvan. Küng (1978: 237) wys tereg daarop dat ons verkeerdelik die *corpus Christi mysticum* in verband met mistisisme gebring het. Dit negeer die geskapenheid met sy intrinsieke sondigheid en impliseer 'n onmiddellike identiteit met Christus — wat verkeerd is. Die kerk is konkreet in die geskiedenis en die onsigbare *is* die sigbare kerk. Anders is ons darem knus terug by Plato.

Wat is eerste, die kerk of die individu? Miskien is dit wel bietjie van 'n onbillike vraag, maar tog kies ons op spoor van Berkhof (1977:42-50) vir die kerk wat die individu voorafgaan. Volgens die Heidelbergse Kategismus, Sondag 21, het mens deel aan die verkiesing, omdat jy aan die gemeente behoort (vergelyk die Kort Begrip se Vraag 40 weer wat onder in-

4 Ek wil "kerk" op spoor van o.a. Bonhoeffer en die *Barmer Theologischen Erklärung* in die eerste plek verstaan as 'n "gemeenskap van heiliges". Dit beklemtoon die gebeure-karakter van kerk en verhoed reslose identifikasie van *ekklesia* en *kerk* (Brunner). Sien my hoofstuk in Meiring (red.) (2001:91-108).

vloed van Faukelius meen jy behoort aan die gemeente omdat jy uitverkies is!). Daarom is dit verkeerd om die subjek van die belydenis net in die enkele, belydende mens te soek. *Die kerk as gemeenskap word die subjek van die belydenis*. Die individuele gelowige bely dan soos en saam met die kerk van alle eeue waarin hy/sy as't ware in die "groot skare van geloofsgetuies" (Hebreërs 12:1) opgeneem word. In die kerk is die geheel altyd meer as die som van sy dele! Daarom beaam McGrath (1990:172) entoesiasties Henry Scott Holland se stelling,

> [that] we cannot now, in full view of the facts, believe in Christ, without finding that our belief includes the Bible and the Creeds.

Niemand glo dus *de novo* nie.

Leertug is daarom ook 'n saak van die kérk en nie van enkelinge teenoor mekaar of van een groep teenoor 'n ander nie. Dit moet gebeur, want anders as 'n natuurlike godsdiens waar alles wat uit die mens opkom, geoorloof is, beteken openbaringsgeloof dat daar naas die waarheid, ook die leuen is en altyd sal wees. En hierteen moet afgegrens word. Schleiermacher se verstaan van die twee tipes van kettery as ontoereikende begrip van die lewe en werk van Christus, is duidelik die teendeel van die belydenis se Skrif-*Gestalt*. 'n Breuk hiermee impliseer 'n breuk met die Christelike tradisie en dit lei na nie-christelike of antichristelike ideologie.

> [B]ut *either* human nature will be so defined that a redemption in the strict sense cannot be accomplished, or the Redeemer will be defined in such a way that He cannot accomplish redemption (Schleiermacher in McGrath (ed.) [1995] 2000:155).

Van Ruler (1973:103-104) kan ten opsigte van leertug dan ook sê dat die belydenis as maatstaf altyd *komprehensief* hanteer moet word. Hiermee bedoel hy dat dit nie koud en absoluut (= dogma) as kriterium aangewend kan word nie. Die groter verbande van die ontstaan en verstaan daarvan en veral natuurlik die Skrif, moet meespreek.

As gevolg van die primêre gesag van die Skrif, is dit juis deel van die kerklike belydenis dat dit voortdurend aan die Skrif getoets moet word. Maar nou is die ironie dat die Skrif vanuit die belydenis benader moet word. Die een wat getoets moet word, bepaal die reëls vir die toets (sirkelredenasie)! Hier lê inderdaad die gevaar van verstarring en dogmatisme. Berkhof (1973:32) meen dat dit alleen oorkom kan word wanneer besef word dat relasie en objektiwiteit mekaar nie uitsluit nie. Liefde dring tot subjektiewe objektivering. En dit verg 'n *subjektiewe integriteit*. Die Bybel

bly egter steeds die *basisteks*.[5] Lindbeck (1989:255) noem hierdie teruggrype na die Bybel, "ressourcement". Juis hier lê ook die korrektief op relativisme. Bybelse koherensie vind sy sin in die groter raamwerk van intratekstualiteit:

> [T]he church is a community of faith which has been shaped by reliance upon the text of scripture, and which has made scripture the foundational witness in its life (Sauter & Barton 2000:46).

Ek hou ook van Van Aarde (2001:152) se standpunt dat die geloofsgemeenskap vanweë sy bepaalde sosiale dinamika sélf sal besluit oor die kanon en die status van buite-Bybelse bronne. Celliers (2002:143-146) oordeel in dieselfde gees dat die Bybelse teks aan die gemeente behoort, en die Bybel weer aan die kerk in die breedste sin van die woord. 'n *Ekumeniese* of *betrokke hermeneutiek* kom sodoende tot stand. Luther se stelling is immers welbekend: "Die Woord van God kan nooit losgemaak word van die volk van God nie".

## 5. DIE BELYDENIS HOU DIE KERK IN STAND

Heidegger se bekende gesegde, *language is the house of being*, laat ons postliberaal besef dat taligheid ervaring voorafgaan. Daarom het Lindbeck (1984:33) reeds gesê dat godsdiens 'n kultuur-linguistiese raamwerk is wat die betrokkenes se werklikheidsverstaan vorm. Die belydenis, het ons gesien, is nou die grammatika van hierdie taal. Die "moedertaal" van die geloof word gevoed deur die moeder-matrys, t.w. die Skrif.

Waarheid is nie bloot 'n aantal stellings nie! *Jesus* is die waarheid. Jesus word dus gesien as die prisma waardeur die werklikheid in sy skakerings aangesien word. Die belydenis wil nou hierdie perspektief blootlê. "God is liefde", word dus so verstaan dat die gebeure in Christus tot heil is. Meer as dit: *dit verg persoonlike betrokkenheid en aksie*. Waarheid is ontmoeting (Brunner). Omdat dit primêr om die lewende God gaan wat Homself in die geskiedenis deur sy Seun openbaar, gaan dit nooit om "geopenbaarde waarhede" nie, maar om die Selfopenbaring van God, *Jesus Christus*. Die bydrae van die apostels (Nicea) was nie om 'n "pit" of "kern" van die waarheid in die skoot van die kerk te laat nie, maar om 'n eggo te laat hoor van wat húlle eerste gehoor en ervaar het. Die apostels het geen belydenis opgestel nie, maar "met God gewandel".

5 Vir die problematiek van "die teks" en "die leser" (om nie eers van "die betekenis" te praat nie!), sien Pelser (1999:427-431).

'n Belydenis word in die boesem van die kerk gebore. Dit beteken dit is geen suiwere akademiese oefening wat hom teoreties afspeel nie. Proefskrifte en verhandelings hoort in die teologie tuis en nie in die kerk nie. 'n Sinode is ook geen universiteit nie. Daarom is die belydenis die uitspraak wat die kerk maak vanweë die konkrete werklikheid waarin sy haar bevind. Die *Sitz im Leben* vir 'n belydenis lê in — of dalk *vanweë* — die wêreld. Dit is dus prinsipieel moontlik dat nuwe belydenisse altyd kan ontstaan. Ons kan nooit klaar gesê kry nie. Die naelstring aan die werklikheid moet altyd bewaar bly.

Verskillende motiewe gee aanleiding tot die daarstelling van belydenisskrifte. Mens sou kon aantoon dat ons huidige belydenisskrifte tot stand gekom het uit liturgiese, leerstellige, kategetiese, polemiese en ook ander oorwegings. Die bekende *Teologiese verklaring van Barmen* van die vroeëre dertigerjare van die vorige eeu in Duitsland byvoorbeeld, het met die opkoms van die nasionaalsosialisme die lig gesien ten einde die kerk bewus te maak van sy ware taak vanweë Jesus Christus se universele koningskap. Dit het dus die *sosio-politieke situasie* van die dag ook as aanleiding tot 'n belydenis gevestig. Die motief vir die opstelling van byvoorbeeld die Belydenis van Belhar sou in dieselfde kategorie geplaas kon word. Die aard van Calvinisme leen hom dus ook daartoe dat op politieke situasies van die dag belydenismatig gereageer kan word. Dit is moontlik om 'n stuk of tien sulke verklarings of getuienisse op te noem wat die laaste klompie dekades ook uit hierdie tradisie in Suid-Afrika na vore gekom het. Maar tog moet nadruklik bygevoeg word dat subjektiewe belewenisse (lees: belydenisse) nie, soos byvoorbeeld 'n bal, "aangegee" kan word nie. Dit is eenvoudig nie moontlik dat een kerk haar eksistensieel *in* 'n ander kerk se situasie kan verplaas en dan ewe passievol dieselfde kan bely nie.

Dit is met goeie reg dat beweer kan word dat die kerk van die begin af 'n *belydende* kerk en nie 'n belydeniskerk was nie. Die verskil behoort duidelik te wees. Eersgenoemde is 'n teenwoordige deelwoord wat beteken dit is voortgaande aksie en laasgenoemde is 'n gestolde weergawe daarvan. *Om te bely* gaan wel ook oor in belydenis, maar eersgenoemde is die wesenlike, die tweede die resultaat, en word kontingent verstaan. Dit is dus wesenlik van die belydenis dat dit ook geskiedenis word — dis immers daar gebore en moet ook daarin verstaan word!

Daar is al baie in die kerk gepraat oor die *ooreenstemming* van Skrif en belydenis. Die Nederlandse Hervormde Kerk het besluit dat hierdie verhouding nie anders as dinamies kan wees nie en praat daarom eerder van 'n gemeenskap hiertussen. Daarom is dit ook sinloos om te vra wat sentraal en wat periferies in die belydenis is — dit skuif voortdurend. Maar die punt

bly — belydenis moet (*uit-*)*geleef* word. Tradisie is eerder dit wat gedoen moet word (*facienda*) as dit wat geglo moet word (*credenda*) — praktyk eerder as teorie. Soos bekend, het Calvyn byvoorbeeld in 1537 geweier om die drie ekumeniese simbole te onderteken as *formele* bewys van regsinnigheid, omdat hy gemeen het die belydenis dan tiranniek opgeneem sou word.

Vir diegene binne die kerk maak die belydenis inderdaad waarheidsuitsprake en ook -aansprake, sonder dat daar ooit by 'n rigiede waarheidsteorie geëindig mag word. Koekemoer (1997:1324, 1326) wys op grond van Weber, Ott, Jüngel e.a. die gevaar daarvan aan om leerstellige formulering eenvoudig met die waarheid te identifiseer. Veral Michel Foucault het ons immers toereikend gewaarsku watter rol *belange* in die sosiale netwerk speel wanneer dit by "waarheid" kom! Sy kennisargeologie leer ons dat mag altyd op een of ander manier enige diskoers beïnvloed.

Die Skrif op sigself kan maklik 'n afgod word (bibliolatrie). Daarom, meen ons, moet die Skrif nie los van die tradisie gesien word nie. Die Skrif behoort boonop ook nie ongenuanseerd met openbaring vereenselwig te word nie; dit is immers net die menslike reaksie daarop (Berkhof 1973:91, Van Aarde 2001:149). Dit blyk sinvol te wees om 'n onderskeid te maak tussen die *gebeure* van die openbaring en die *teks* wat daarvan getuig. Dit sluit nou aan by wat Wethmar (1977:267) "vertaling" en Berkhof (1973: 81) "oorvertaling" noem. Teologiese hermeneutiek kan tog nie tot literêre kritiek gereduseer word nie. Omdat daar nie 'n absolute kongruensie tussen die *betekenaar* (verwyser) en die *betekende* (verwysde) van 'n teks bestaan nie, sal hierdie "surplus-betekenis" (Ricoeur) of "différance" (Derrida) altyd daar wees solank daar eksistensiële betrokkenheid is. Betekenis is daarom tyd- en plekgebonde. Die diskoers van hierdie eksistensiële betrokkenheid laat dan individuele ervaring tot sy reg kom ("closure").

Dit is ook die rede waarom die destydse rapport van die Gereformeerde Kerk in Nederland, *God met ons*, die begrip "relasionele waarheid" in hierdie verband ter sake gemaak het. Om te weet wat Bybels gesproke "waar" is, moet die mens in persoonlike relasie met Jesus Christus staan en met oorgawe luister na die boodskap van die Skrif soos dit vanuit sy eie aard verstaan wil word. In plaas van om te sê, "dit is waar", lei hierdie insig ons om te sê: "ek hou dit vir waar". Vergelyk Paulus se opmerking in 1 Korintiërs 8:6: "... is daar nogtans *vir ons* net een God... en net een Here: Jesus Christus". Alleen dit voorkom die uitsiglose dilemma van die teenstelling tussen "objektivisme" en "subjektivisme". Ons gebrekkige insig asook ons veranderde en veranderende historiese situasies maak dat waarheid altyd weer opnuut aan die orde moet kom. Die lang geskiedenis van verskillende geloofs-

belewenisse en geloofsuitsprake is hiervan 'n voorbeeld. Die volgende aanhaling van McGrath (1990:193) is samevattend nou van pas:

> Outside the community of faith, Jesus of Nazareth will continue to be interpreted according to rival theories of truth and reason; within the community of faith, however, Jesus of Nazareth remains the central object of worship, adoration and wonder. And in that sense of wonder lies the genesis of doctrine.

Die argument het soos volg vorm aangeneem: geloof — belydenis —— kerk — belydenis — geloof. 'n Volle sirkel dus. Maar om hierdie kronologie as matrys te gaan vaslê, sou baie verkeerd wees. (Trouens, dit is juis op hierdie punt wat baie mense die postliberale teologie verkeerd verstaan; Lindbeck (1984:33) bepleit immers juis *resiprositeit*). Van Aarde (2001:148-171) is daarom reg wanneer hy vra vir 'n dialektiese wisselwerking tussen die *fides quae* en die *fides qua*. Dit is wat Tillich se "ultimate concern" ook ongeveer wil sê. Religieuse taal ("langage") is die artikulasie van die fundamentele Godservaring; en hierdie sinkrone uitdrukking van die hier-en-nou word diakronies gebruik wanneer die individu dit subjektief toe-eien ("parole") of natuurlik ook wanneer dit in tydlose dogmas stol. Die Godsontmoeting in Jesus is die grond van geloof en van kerk, en hierdie gebeure kan nie op 'n kontinuum uitgepak word nie. Die belydenis van die kerk verg 'n holistiese verstaan wat vertikaal (tradisie) én lateraal (kerke en kulture) dinamies vanuit die geloofsgemeenskap se pelgrimskap elke betrokkene aanspreek.

## 6. DRIE KERKE SE MEMORANDA OOR SKRIF EN BELYDENIS

Uit die notule van die TKK (2001:15-28) word die volgende memoranda oor die onderhawige saak *verbatim* aangebied. Dit is buite die skopus van hierdie artikel om die memoranda te kommentarieer. Belangrik is egter om te stel dat die tetiese uitgangspunt van hierdie artikel — die belydenis is eerder selfverstaan as Skrifverstaan — nie deur een van die drie kerke se memorandum wesenlik weerspreek word nie. Tog val dit op dat Skrif en belydenis deur die Kerke wel ook isomorfies beskou kan word. Het die belydenis nou kerklike of Bybelse gesag by die N.G.K.? Is die "eenduidende karakter" en "feitliksseggend" van die N.H.K.A. 'n vorm van wat Gloege noem, *konfessionele positivisme*? Is die belydenis by die G.K.S.A. die hermeneutiese of die eksegetiese vertrekpunt? Die belydenis neig dan in al hierdie gevalle om enigermate proposisioneel opgeneem te word. Wethmar (1977: 109, 138) se waarneming dat belydenis in die reformatoriese kerke maklik

tot verabsolutering kan ontwikkel, blyk dus realisties te wees; die *credere* wat 'n *credendum* word. Die belydenisse as kontranarratiewe kulmineer dan in 'n meesternarratief. Die taak van die kerk is nie bloot om die belydenis teen mot en roes te bewaar nie, maar om mense — ook die *ander* — in God se verhaal in te trek en 'n koherente en komprehensiewe werklikheidsverstaan vir 'n geloofsgemeenskap daar te stel.

## 6.1 Die N.G. Kerk

Ons glo dat die Heilige Skrif die enigste norm is vir die belydenis van die kerk. Die belydenisskrifte van die kerk is as *norma normata* ondergeskik aan die Skrif as *norma normans*. Die belydenisskrifte dra daarom 'n kerklike gesag in onderskeiding van die Heilige Skrif wat tot ons kom met Goddelike gesag. Die vryheid van eksegese is 'n kosbare kleinood van die Reformasie en mag nie in die gedrang gebring word nie. In beginsel bly alle belydenisskrifte van die kerk daarom oop vir hersiening in die lig van die Skrif. Dit beteken egter nie dat die belydenisskrifte daarom geen bindende gesag vir die lidmate van die kerk het nie. Die belydenisskrifte van die kerk verteenwoordig hermeneutiese beslissings vir die verstaan van die Skrif wat deur die kerk by die groot kruispunte in sy geskiedenis geneem is. Hulle ontleen hulle gesag aan die gesag van die Skrif waarvoor hulle erkenning wil verskaf. Miskenning van die belydenisskrifte beteken daarom nie net 'n miskenning van die gesag van die kerk nie, maar dikwels ook 'n miskenning van die gesag van die Skrif. Dit is die reg en plig van die kerk om rekenskap te vra van enige lidmaat van die kerk wat in sy uitleg van die Skrif in stryd met die belydenis van die kerk kom, juis omdat dit vir die kerk erns is met die Skrif en met die skriftuurlikheid van sy belydenis. Indien dit wel sou gebeur dat iemand op grond van Skrifondersoek tot 'n nuwe visie op die boodskap van die Skrif kom, sal hy hom langs die ordelike weg van 'n gravamen tot die Sinode moet wend vir 'n beslissing. Volharding in 'n standpunt wat teenoor die belydenis staan, moet egter uitloop op leertug.

## 6.2 Die Ned. Herv. Kerk

Die belydenisskrifte word aanvaar en bely, en wanneer vereis, skriftelik onderteken as die ware leer omdat hulle ooreenstem met die Woord van God. Die Belydenisskrifte (die Drie Formuliere van Eenheid) word aanvaar en bely en waar vereis skriftelik onderteken, met die uitdruklike kerklike en persoonlike erkenning dat die belydenisskrifte geheel en al ondergeskik is aan die onbetwisbare gesag van die Woord van God. Aangaande hierdie Skrifte, en aangaande hulle alleen, bely ons sonder voorbehoud saam met ons Nederlandse Geloofsbelydenis Art 5: "Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle

alleen as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig." Op grond van die voorafgaande erken en bely ons dat die belydenisskrifte te alle tye en onvoorwaardelik toetsbaar aan die Heilige Skrif is. Dit is inderdaad in ooreenstemming met ons Belydenis self, soos uitgedruk in die N.G.B. Art. 7. Terselfdertyd beteken dit wel dat die belydenisskrifte — op welke punt ook al — geldig is en prakties moet funksioneer tot op dag en datum dat die teendeel bewys is, en so deur die Sinode aanvaar is. Hulle is juis daarom altyd, mits op die ordelike kerklike weg, hersienbaar en veranderbaar, steeds met die Skrif as hoogste en finalitêr enigste maatstaf. Die beslissing van die Sinode is bindend, maar die weg van gravamen bly steeds oop. Ons wil nie die letter van die bewoording van die Belydenis verabsoluteer nie. Ons aanvaar egter nie 'n breë en ongedefinieerde onderskrywing van of binding aan die sogenaamde "intensie van die Belydenis" waarbinne enigeen basies vry is om self te bepaal wat vir hom die "intensie" sou wees nie. Die besondere aard van belydenisskrifte eis dat hulle verstaan wil en moet word soos dit — binne die gegewe konteks — daar staan. Dit is so dat die ses en sestig boeke van die Bybel 'n verskeidenheid literêre genres verteenwoordig, waarmee by die eksegese deeglik rekening gehou moet word om nie in biblisistiese of fundamentalistiese vaarwaters te beland nie. Die belydenisskrifte het egter — ondanks eie primêre gerigthede, die N.G.B. teties, die Dordtse Leerreëls antiteties-polemies en die Heidelbergse Kategismus meer kategeties — 'n eenduidende karakter daarin dat hulle feitelikseggend wil wees. Daarom eis die wese van die belydenisskrifte om verstaan en bely en gehandhaaf te word soos dit binne hulle konteks daar staan. Ons is daarom oortuig daarvan dat die belydenisskrifte alleen in kerke werklik betekenis het wanneer hulle aanvaar, bely, en waar nodig, onderteken word as ONS belydenis wat ook vandag waar en geldend is omdat dit in die ewige waarheid van die Woord van God rus.

## 6.3 Die Gereformeerde Kerke

Ons aanvaar die drie Apostoliese Belydenisskrifte sowel as die Drie Formuliere van Eenheid as ons belydenis omdat hulle in ooreenstemming is met die Skrif (die sg. *Quia*-standpunt). Elke ampsdraer bind homself aan hierdie belydenis deur die "Ondertekeningsformulier" waarmee hy deur sy handtekening instemming betuig en sy binding bevestig. Daarmee verklaar hy dat hy niks teen die belydenis sal doen, leer of skryf, direk of indirek nie. Indien hy wel tot 'n standpunt kom wat in stryd is met die belydenis, onderneem hy om die "kerklike weg" te volg en hom eerste te wend tot die Kerkraad of ander bevoegde vergadering (bv. die Kuratorium) en om hom te onderwerp aan die besluit van so 'n vergadering, behoudens die reg tot appel.

Die Belydenis dien dus as “vertrekpunt” en “begeleiding” in die wetenskaplike eksegetiese arbeid en teologiese navorsing. Die Kerk (d.w.s. Kuratorium of ander kerklike vergadering) het die roeping, opdrag en bevoegdheid om die resultate van sodanige arbeid en navorsing aan die belydenis te toets. Die belydenis dien as “gemeen akkoord” vir kerklike eenheid binne ’n bepaalde kerkgemeenskap en ook tussen onderskeie kerkgemeenskappe in die uitlewing van die ekumeniese roeping. Ons verklaar dat die Belydenisskrifte deur die Kerk onder leiding van die Heilige Gees, op grond van die Skrif, geformuleer is. Dit is die neerslag van die gelowige verstaan en na-praat van die Skrif deur die Kerk. Die Woord van God het Goddelike gesag terwyl die Belydenisskrifte Kerklike gesag het. Die Belydenisskrifte kan (en moet) langs die bepaalde kerklike weg verander word indien die Kerk oortuig is dat dit op ’n bepaalde punt van die Skrif afwyk. Die Belydenisskrifte is dus altyd toetsbaar aan die Skrif, sonder dat dit daarmee gerelativeer word. Die Belydenisskrifte kan (en moet) ook uitgebrei word indien die Kerk tot die oortuiging kom van die noodsaak om oor ’n bepaalde saak (leerstuk) in ’n bepaalde tyd of teenoor ’n bepaalde dwaling die waarheid van die Skrif in ’n belydenis te formuleer.

## 7. NASKRIF

Nadat Hendrikus Berkhof by die Rijksuniversiteit van Leiden as professor in Dogmatiek in 1981 afgetree het, het hy ’n bevatlike inleiding tot die studie van dogmatiek gepubliseer. Die volgende paragraaf uit hierdie boek (Berkhof 1982:22) is tog interessant om ook nou weer te lees:

> Vroeger werd de dogmaticus en in het bijzonder de hoogleraar in de dogmatiek aan hogeschool, seminarie of universiteit, min of meer gezien als de gezaghebbende ideoloog van zijn kerk, de spreekbuis van de traditionele en officiële geloofsverwoording. Dat beeld spookt nog in veler hoofden rond. Naarmate de kerken echter meer door de secularisatie, door de oecumene en door allerlei nieuwe vragen worden uitgedaagd en daardoor zelf pluralistischer worden, wordt van de dogmatici niet de rol van kerkideologen verwacht, maar die van voortrekkers en spoorzoekers... [De dogma-

ticus} moet dankbaar de dieptepeilingen en de daarbij behorende beslissingen van zijn kerk of confessie doordenken en tot uitdrukking brengen. Maar zij hebben geen laatste gezag. De Schrift staat er boven en kan, ook door de dogmatisch doordenken, het confessionele traditie complementeren, kritiseren en relativeren.

# BIBLIOGRAFIE

BERKHOF H
1973. *Christelijk geloof*. Nijkerk: Callenbach.
1977. *The doctrine of the Holy Spirit*. Atlanta: John Knox.
1981. *Bruggen en brughoofden*. Nijkerk: Callenbach.
1982. *Inleiding tot de studie van de dogmatiek*. Kampen: J. H. Kok.

BONHOEFFER D
1982. *Christologie*. Baarn: Ten Have.

BUBER M
1996. *I and Thou. A new translation with a prologue "I and you" and notes by Walter Kaufmann*. New York: Touchstone.

CELLIERS J
2002. Die geheim van prediking: instemming met die gemeente. *HTS* 58/1: 143-156.

DEIST F E
1994. Moet teologiese opleiding kerklik-konfessioneel wees? *HTS* 50/1&2:53-67.

FRETHEIM T E & FROELICH K
1998. *The Bible as Word of God. In a postmodern age*. Minneapolis: Fortress.

HEIDEGGER M
1992. *The concept of time*. Oxford: Blackwell.

GLOEGE G
1957. S. v. *Bekenntnis. RGG 1*.

JAROSLAV J *et al*. (eds.)
1999. Luther's works. In: *Libronix Digital Library System*©. Saint Louis: Concordia.

JONKER W D
1994. *Bevrydende waarheid*. Wellington: Hugenote.

KOEKEMOER J H
1997. 'n Eietydse verstaan van die belydenisskrifte. *HTS* 53/4:1321-1330.

KÜNG H
[1968] 1978. *The church*. London: Search.

LINDBECK G A
1984. *The nature of doctrine. Religion and theology in a postliberal age*. Philadelphia: Westminster.
1989. Ecumenical theology. In: Ford, D.F. (ed.), *The modern theologians. An introduction to Christian theology in the twentieth century Vol. II* (Oxford: Blackwell):255-273.
1996. An Evangelical evaluation of Postliberalism. In: T.R. Phillips & D.L. Okholm, (eds.), *The nature of confession. Evangelicals & Postliberals in conversation.* (Illinois: Intervarsity Press):23-44.

MACQUARRIE J
1998. *Christology revisited*. Pennsylvania: Trinity.

MALINA B *et al*.
1995. *Vensters wat die Woord laat oopgaan*. Johannesburg: Orion. (Logos Library System.)

MCGRATH A E
1990. *The genesis of doctrine. A study in the foundation of doctrinal criticism*. Oxford: Blackwell.

MCGRATH A E (ed.)
[1995] 2000. *The Christian theology reader*. London: Blackwell.

MEIRING P (red.)
2001. *So glo ons*. Vereeniging: CUM.

PELSER G M M
1997. Die verhouding verkondiging en belydenis by Paulus. *HTS* 53/4:1228-1249.
1999. Die vraag na die noodsaaklikheid van 'n eietydse belydenis. *HTS* 55/2 & 3:417-436.

POTGIETER P C
1988. Perspicuitas — vir wie? In: C.J. Wethmar & C.J.A. Vos (reds.), *'n Woord op sy tyd* (Pretoria: NGKB):91-96.

SAUTER G & BARTON J
2000. *Revelation and story*. Burlington: Ashgate.

TKK
2001. Notule van die werkswinkel van die Tussenkerklike Kommissie gehou op 9 en 10 Oktober 2001 by die Elgro River Lodge. Potchefstroom.

VAN AARDE A G
1999. Dekonstruksie en dogma. *HTS* 55/2 & 3:437-470.
2001. The "cause of Jesus" (*Sache Jesu*) as the canon behind the canon. *HTS* 57/1 & 2:148-171.

VAN HUYSSTEEN W J & DU TOIT B
1982. *Skrif en Skrifgesag*. Pretoria: NGKB.

VAN RULER A A
1973. *Hoe functioneert de belijdenis?* Nijkerk: Callenbach. (Theologisch Werk VI).

WETHMAR C J
1977. *Dogma en verstaanshorison*. Amsterdam: Rodopi.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
| --- | --- |
| Belydenis | Doctrine |
| Kerk | Church |
| Dogmatiek | Systematic Theology |